

**WENKBROU**

Hierdie boek word opgedra aan twee merkwaardige  
mense: My broer, Stephan Krüger, en my vriend,  
Barry Groenewald.  
Met dank, vir alles, oor jare heen.

# 'n Redelike hoeveelheid moeilikheid

André Krüger

**WENKBROU**

© Teks: André Krüger 2019  
© Publikasie: Wenkbrou, 'n druknaam van  
LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel: 012 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.3 op 12.5 pt Baskerville Win95BT  
deur LAPA Uitgewers  
Teksredakteur: Jonathan Amid  
Omslagontwerp: Ian Dennewill  
Gedruk en gebind deur Novus Print,  
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2019

ISBN 978-0-7993-9543-3 (gedrukte boek)  
ISBN 978-0-7993-9544-0 (ePub)  
ISBN 978-0-7993-9545-7 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van  
hierdie boek mag op enige manier gereproduseer  
word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereg-  
houers nie.

# Voorrede

*Nazi-Duitsland, Flossenbürg konsentrasiekamp  
8-9 April 1945*

Die enigste lig in sy sel kom van die ganglig wat onder die dik staaldeur insyfer. Hy is wakker toe die sleutel in die slot draai, en sit regop om hulle in te wag. Dit is nog nie oggend nie, maar hy het reeds sy uniform aan.

Daar is twee van hulle. Dit is te vroeg vir sy teregstelling, en hy vermoed die ergste. Die twee het nie uniformbaadjies aan nie, net broek, stewels, onderhemp en kruisbande, maar hy weet hulle is SS-wagte; Himmler se monsters. Hulle lyk nie almal soos bullebakke nie, maar hulle almal kom hom so voor. Vir Canaris, die professionele vlootoffisier, is hulle aanstootlik. Dis in hulle oë, het hy vroeër besef. Daar is 'n onnadenkende wreedheid daar, 'n meedoënloosheid, 'n totale gebrek aan empatie vir die wat nie soos hulle is nie.

“Staan op, ou man,” beveel die korter een. Sy aksent is dik Beiers, van München, bes moontlik. Dit is geen verrassing nie. Hulle is in Beiere, sestig kilometer oos van Bayreuth. “Toe, op jou agterpote, Canaris.”

Hy korrigeer, militêr korrek. “Admiraal Canaris.”

“Jy verdien nie meer 'n rang nie, verraaiier,” sê die langer een.

Sy aksent is fyner, opgevoed maar plat. Hy is van Bonn, besluit Wilhelm Canaris, tot onlangs hoof van die Abwehr,

die Duitse geheime diens. Hy verwag dié dag al lank, die dag van sy dood, tog het hy nog nie vrede gemaak met sy lewe se einde nie.

Reeds in aanhouding vir byna nege maande, sedert Julie 1944, sedert die komplot van Von Stauffenberg misluk het om Adolf Hitler van kant te maak, word hy van konsentrasiekamp na konsentrasiekamp verskuif.

Van een van die ander wagte, een minder bot en brutaal, het hy verneem die Amerikaanse magte is omtrent honderd en sestig kilometer van die kamp af, generaal George Patton aan die opruk en nie te stuit nie. Maar gister word hy ru uit sy sel gesleep en na 'n vertrek geneem in die kamp se hoofgebou. Daar maak hulle hom sit op 'n ongemaklike houtstoel. Op pad, tussen sy wachte, is daar 'n oomblik vir hom om weereens die gebou te bewonder.

Tussen die aaklige barakke en ruwe houthutte vir die gevangenes, is die klipgebou met die rooi dak die enigste aantreklike struktuur in die kamp. Hy is verlig dat hy nog estetika en skoonheid kan waardeer. Dit is die agt en vyftigste lente wat hy beleef, en ook sy laaste.

Hy is daar om vir hoogverraad verhoor te word. Die besef ontstel hom nie baie nie. Hy is 'n slim man.

Hy het die kanse van die begin af opgeweg, met sy besef dat sy lojaliteit teenoor Duitsland hom dwing om iets te doen om van Hitler ontslae te raak. Hy het geweet wat die gevolge sou wees sou hy gevang word. Daar was nooit enige twyfel nie. Maar hy moes sy gewete volg, moes gehoor gee aan sy liefde vir sy land. Nou, na soveel interneringskampe, soveel selle en hekke en doringdraad, het hy nie meer 'n realistiese verwagting om die oorlog te oorleef nie.

Die uitkoms van die verhoor is vooraf bepaal. Hy protesteer steeds, bepleit sy onskuld, verduidelik dat sy trou aan Duitsland, aan volk en vaderland, nooit gewefel het nie.

Hulle stel nie belang in wat hy sê nie, die offisiere in hulle swart SS-uniforms. Hy is 'n verraaier, van sy mense en sy Führer, oordeel hulle. Hy het sy eed verag en ver-

loën. Sy bloeede. Hulle het sy dagboek in die kluis in Zossen gekry. Hulle het dit gelees. Hulle was geskok om te sien hoe verraderlik hy uit die staanspoor was, hoe sonder eergevoel, hoe laakbaar.

Nee, hy is skuldig. Skuldig tot die dood. In oorlogstyd, sy vaderland in nood, help hy selfs die Geallieerdes, die vyand. Hoe ontrou is hy nie; 'n afvallige ketter.

Reichsführer Himmler was reg om hom altyd te wantrou. Dank die sterre dat hý beheer van die vaderland se geheime en veiligheidsdienste oorgeneem het. Boonop was Canaris betrokke by die Julie-komplot van die vorige jaar, die een om die Führer te vermoor. Nee, hy moet sterf. Daar is geen ander oplossing nie.

Bloed roep om bloed. Met sy lewe moet hy betaal vir sy verraad.

Summier is hy skuldig bevind, sonder omhaal is die doodstraf oor hom uitgespreek. Een nag sou hy hê om oor sy skande te tob, voor hy vroegoggend 'n verraaiersdood sterf.

Hopelik, het een van die offisiere gesmaal, sal hy dapper sterf. Het hy nie reeds laas jaar geweier om die eerbare ding te doen en self 'n einde aan alles te maak, soos 'n goeie offisier met sy eie dienspistool sou doen nie?

Alleen in sy sel het Canaris gewonder hoekom hy nie daardie uitweg geneem het nie. Hy het nie werklik 'n antwoord nie. Al wat hy kan dink is dat hy nie die Nazi-gespuis se verwronge idee van eer wou gediensig wees nie. Hy weet hy is nie 'n lafaard nie. Hy weet hy is 'n eerbare man.

“Trek uit,” beveel die korter wag nou kortaf.

“Wat?”

Die hou in sy maag is so hard dat hy op sy knieë neersak.

“Trek uit jou klere, jou vark!” skree die een wat hom geslaan het. “Trek uit!”

Wilhelm Canaris voel die ander man se spoeg op sy gesig. “My uniform,” hyg hy uit. “Dis my uniform ...”

“Jy is daardie uniform nie waardig nie, verraaier.” Die

korter een staan nou langs hom. Sy stewels kort 'n poets, lyk slordig.

“Ek wil in my uniform sterf.”

“Nee. Jy het daardie voorreg verbeur. Trek uit.” Hy klap hom met die plat hand. So hard die ouer man se gewoonlik netjiese grys hare val yl oor sy voorkop.

Hy kom stadig orent, begin uittrek.

“Alles!” beveel die langer een. “Alles. Elke draad klere. Jy het nie meer die reg op waardigheid nie, ou man. Nie hier nie. Dis die prys vir jou verraad.”

Canaris is skaam vir sy oumanslyf. Hy hou sy hande bak oor sy geslagsdele. Daar is genoeg lig vir hom om te sien hoe hulle grinnik.

“Kom staan hier, ou man,” beveel die korter een. “Hier voor my. Skuifel maar nader, dis reg. Net so.”

Hoeveel keer hulle hom slaan, weet hy nie. Hulle vuiste so hard soos yster. Hulle hou nie op voordat hulle albei na asem hyg nie. Die sementvloer is koud onder sy lyf. Alles is seer, alles pyn. Wat maak dit tog saak? Alles is verby. Die stryd is verloor.

'n Laaste brutale skop in sy ribbes. Toe los hulle hom. Hy hoor hoe hulle sigarette opsteek en ruik die rook. Die pyn golf heen en weer deur sy lyf. Hy bly lê, probeer om nie te roer nie. Die sementvloer is ys.

Die korter een kom nader. Hy trek hom orent totdat Canaris voor hom kniel. Met die sigaret in sy mondhoek meet die soldaat noukeurig, een oog skreefgetrek. Hy slaan hom op die brug van sy neus.

Canaris voel en hoor hoe sy neus breek. Dit is die ergste pyn wat hy nog ooit ervaar het. Dit oorrumpel sy sin-tuie. Dis meer as wat hy kan verstaan; sy gesig in 'n oop vlam gedruk. Hy probeer die stromende bloed met sy hande keer.

Die soldaat lag. “Bring 'n lig, Heinz.”

Heinz bring 'n lamp. Canaris bly lê, opgekrul om sy pyn.

Hulle lag, loop geselsend uit, maar los die deur oop. Voetstappe kom nader, kom binne. Die seldeur word toegedruk.

Canaris bly lê en kyk nie op nie. In sy gesigsveld verskyn die nuwe man se blink gepoleerde stewels en snyers-uniformbroek. 'n Gevatte offisier, duidelik. Hy hoor die geritsel van 'n vel papier wat uit 'n koevert getrek en oopgevou word.

“Kan jy hoor, verraaier?” vra die offisier. Sy stem het geen emosie nie. “Ek het 'n brief wat ek vir jou gaan voorlees. Luister jy? Goed so. Luister mooi: ‘My liewe Canaris.’” Hy kug, maak keel skoon voordat hy hervat. “Dit spyt my dat jou lewe so tot 'n einde moet kom. Dit is nie hoe 'n Duitse offisier moet sterf nie. Maar as verraaier verdien jy hierdie dood. Al het ek jou nooit vertrou nie, kon ek skaars glo hoe deurgrondig jou verraad eindelijk was. Jy het geen eer nie. Geen eerbare man sou kon doen wat jy gedoen het, om nie net jou vaderland, maar ook jou Führer, te verrai nie. Om saam te sweer met ander verraaiers is nie die optrede van 'n eerbare Duitse offisier nie. Nou is jy eindelijk skuldig bevind en gaan jy na jou dood. Dit is goed so. Maar ek wil nie afskeid van jou neem sonder dat jy weet dat dit ek is wat jou ondergang bewerkstellig het nie. Ek beplan dit reeds sedert 1941. My enigste spyt is dat dit soveel jare geneem het om uiteindelik van jou ontslae te raak. Ek is nie 'n haatdraende man nie. Ek het jou nooit die vrouens beny nie. Hoeveel minnaresse het jy gehad, die wat jy as agente en spioene gebruik het? Kan jy self onthou? Ek weet jy onthou jou gunsteling, Ursula Schreiner. Ek weet sy was vir jou besonder, selfs meer as jou verpestelike worshonde. Daarom wil ek hê, voordat jy sterf, moet jy weet dat dit ek is wat haar operasie in Suid-Afrika verongeluk het. Sy was toe reeds myne. Ja, my liewe Canaris, sy het vir my ook gewerk; werk steeds vir my. En sy is dankbaar, so dankbaar vir my beskermheerskappy. Sy het nooit eens weer aan jou gedink nie. Sý verstaan plig en diens, my liewe Canaris, op wyses wat jy nooit sal begryp nie. Vaarwel nou. Ek kan nie met enige eerlikheid sê dat jou dood vir my enigiets beteken nie. Geteken,” lees die offisier korrek, “Heinrich Himmler, Reichsführer-SS.”

Kan emosionele pyn erger as fisieke pyn wees? In die paar oorblywende ure van Canaris se lewe kan hy nie besluit nie. Wat maak dit tog saak dat sy geliefde Ursula, die pragtige vrou uit Afrika wat hom soveel plesier besorg het, hom nie eens wil onthou nie? Niks maak meer saak nie. Niks. Dit was alles verniet.

Die kamp is stil en elke geluid val hom op. Met gereelde tussenposes hoor hy die knars van die wag wat buite patroleer se stewels. Iemand hoës in die gang, 'n uitgerekte klank wat stadig wegkwyn. Sonder waarskuwing blaf een van die waghonde verwoed buite en word stil geskree. Hy verlang na sy worshonde. Hy dink hy hoor ver weg die gekrys van 'n kraai.

Hy kan nie slaap nie. Naak, stukkend geslaan en verslae, wag hy vir die wagte.

Hulle kom haal hom net voor dagbreek.

Hulle praat nie met hom nie, sleepdra hom na die vertrek waar hy tereggestel gaan word. 'n Offisier wag reeds daar. Sy SS-uniform is swarter as die nag wat afskeid neem. Een van die wagte, met die breë hande van 'n plaasarbeider, gespe die metaalkraagband om Canaris se nek. Niemand praat nie. Doodse stilte.

Die offisier knik. Die twee wagte trek hard aan die tou, hys Canaris hand oor hand op totdat hy skoppend hang. Hulle bind die tou om 'n slagtershaak, die groeste staal diep in die muur gemessel.

Hulle rook terwyl hulle wag vir hom om dood te gaan.

Toe maak hulle die tou los en laat sak hom.

Die offisier kom nader, buk. "Hy leef nog," sê hy en vee sy hande vieserig aan 'n sakdoek af.

Die soldate hys hom weer op totdat hy hang, bind die tou aan die haak.

"Hoe lank vat dit 'n ou man om te vrek?" mompel die offisier vies.

Dertig minute. Dit neem dertig wurgende minute.

Die offisier rook eers tydsaam klaar. Onbelangstellend bekyk hy die stadig swaaiende liggaam van die ouer man.

'n Laaste trek, dan laat val hy die stompie en trap dit pun-  
tenerig dood. “Laat sak hom,” beveel hy.

Hy buk langs die liggaam, voel lank vir 'n aar in die  
nek voordat hy orent kom en sy hand weer aan sy sakdoek  
afvee.

“Begrawe hom buite. Merk nie die graf nie. Verstaan?”  
“*Zu Befehl!*” sê die wagte gelyktydig.

# Deel I

# Hoofstuk 1

*Suid-Afrika, Maart 1960*

**I**n sy kantoor, in Marshallplein, hoor majoor Robert Ferreira hoe die nuus deur die gebou versprei. Dit is nie gewoonlik 'n gebou wat stil is nie, maar die geluid van mense wat hardloop en hard roep is onverwags, ongehoord. Veral op 'n Maandagmiddag. Luide stemme en dringende geluide spoel soos 'n golf deur die gebou, tot by sy deur.

“Wat de hel is aan die gang, Doppies? Het die duiwel in almal gevaar?” roep hy toe sersant Le Roux verbydraf. Almal noem hom Doppies omdat hy 'n netjiese ry 40 mm-Bofors-kanondoppe op die vensterbank agter sy lessenaar uitstal. Niemand weet hoekom nie.

Hy weet heeltemal te veel van Doppies, voel hy, soos ook van vele van die ander manne in die gebou. Vir 'n rede wat hy nie verstaan nie, is hy die een of ander soort biegvader vir hulle. Sy kantoor se drumpel wat deurgelap word as daar probleme met vrouens of geld is. Hy wat raad gevra word oor toekomsplanne. Hy is die een wat geskille en afguns en venyn tussen hulle moet ontrafel en ontfont. Gewoonlik gee hy nie om nie, maar soms wonder hy hoekom nou juis hy? Hy het mos sy eie probleme. Sommer baie van hulle.

Doppies steek so vinnig vas sy skoensole gee 'n lang tjiirp op die gepoetste vloer. Toe verskyn sy kop om die

deur se raam. “Sharpeville, Majoor,” hyg hy, sy wange rooi, sweet op die voorkop.

“Nou wat nou, Doppies? Dis mos net die een of ander optog. Wat skeel nou?”

“Hulle betoog van vroeg af teen die paswette, ja Majoor. Alles was reg, maar skielik sak daar 'n leërskare mense op die plek toe. 'n Moerse klomp, Majoor. Te veel. En oproerig. Kolonel Pienaar is soontoe met versterkings. Toe bars die duiwel los, majoor. Daar was 'n geskietery ...”

“Hulle of ons?”

“Lyk my ons, Majoor. Jerry sê my hy reken daar's vier-, vyfhonderd dood, Majoor.” Doppies se oë is groot en rond.

Robert voel skielik ongemaklik, begin rondsoek vir sy sigarette. Polisie skiet mos nie op ongewapende mense nie? Dis nie hulle werk nie. Iets is fout, iets is heeltelmal fout.

Hy het tyd nodig om te dink. Almal het tog gemeen dit gaan 'n vreedsame optog wees. Hoe kon dit so skielik, en so bloedig, skeefloop?

Terwyl hy 'n sigaret aansteek, praat Doppies nog een stryk deur. “Dis 'n helse hêrrie, Majoor. Tot die lugmag was daar met Sabres en Harvards, so vertel Jerry my. Hulle het gereken die geraas van die Sabres, hulle straalenjins, sal die skare verskrik as hulle laag genoeg oor hulle koppe vlieg. Hettie gewerk nie.”

“Maar hoekom is daar geskiet, Doppies? Wat hoor jy?”

“Jis, Majoor, sou Majoor nie ook geskiet het nie? Daar was duisende van hulle. Tot soveel as vyftigduisend, het ek gehoor. En Sharpeville se polisiestase het net twintig man ...”

“Maar daar is mos versterkings gestuur?”

“Is so, Majoor,” knik Doppies, maar sy frons bly diep. “Kolonel Pienaar en sy versterkings, soos ek mos gesê het. Maar hulle was maar honderd en veertig man. Wat moes hulle doen teen so leërskare? Buitendien, Jerry sê hy hoor dit was een van die jong konstabels wat alles afgeskop het. Oor hy bang was. Hy't homself skynbaar omtrent beskryt,

en toe begin hy sommer skiet. En skielik was dit net skote. Was nie 'n lang skietparty nie, Majoor. Jerry sê minder as 'n minuut. Maar daar's baie lyke, so sê Jerry.”

“Wie de hel is die Jerry waarvan jy so praat, Doppies?”

“Sersant Jeremia Schoeman, van Moord en Roof. Daai ouens weet mos alles van alles, Majoor.”

“Hmm, so dínk hulle, ja. Dankie, Doppies.”

“Is reg so, majoor.” Hy lyk of hy wil salueer, toe vergeet wat hy wou doen. Hy spring om en drafstap weg, gang-af.

Alleen in sy kantoor draai Robert 'n potlood tussen sy vingers. Hy wonder wat dit alles beteken. Wat dit ook al is, voel net verkeerd.

Later praat almal daaroor. Die koerante vol van die stories en foto's. Dit is daar vir almal om self te sien: Lyke in die stof, patetiese bondels wat vroeër mense was, verflenterde klere en stukkende skoene. Skoene altyd alleen. Altyd onpaar, ontpaar.

Lyke is niks nuuts vir Robert nie. Hy het al genoeg van hulle gesien, beide as soldaat en polisieman. Nou, in sy veertigs, weeg dit swaarder op sy gemoed. In sy jonger dae, aangevuur deur oortuiging, geloof en watter ideale ook al, was dit veel makliker. Maar met elke konflik, elke dood en elke geveg waar iemand so hard probeer het om hom dood te maak soos hy hulle, het sy doodsyster afge-nem.

Hy het te veel lyding en verwoesting gesien en beleef, en voel hy het nou genoeg gehad. Sy optrede was gewoonlik veroorloof in terme van die reëls – daardie reëls wat politici maak om dood te regverdig – en morele oortuiging.

Aanvanklik was dit genoeg om sy gewete stil te hou. Daar was 'n tyd toe hy gedink het dit pla hom nie. Dit was oëverblindery. Hy besef nou hy wou toestemming hê, wou weet hy is reg, en iemand anders verkeerd. Daarom het hy 'n uniform gedra: Dit het hom legitimiteit gegee. Nou het hy geleer dat die absolute minder aanvaarbaar is as die relatiewe, dat daar meer aan lewe en dood is as

geloof en ideale. Mense is nou eenmaal meer kompleks as sisteme.

Daarom dat dit hierdie keer vir hom anders voel, asof iets in hom, wat lankal losgeraak het en skuif, nou permanent versit het. Die eerste, ongemaklike, verskuiwing het in Spanje gekom. As vroom Katoliek het hy gaan veg vir die regte kant, vir Franco en die Nasionaliste, teen die rooi gety wat die Kerk veral bedreig het. Maar daar het hy algaande begin verstaan niemand se motiewe is suiver nie. Soveel vergrype as wat daar was aan die kant van die kommuniste en anargiste, soveel was daar ook van die Nasionalistiese magte van Franco, veral die fascistiese Falangiste. Hy het gesien hoe gevangenes mishandel, genadeloos gemartel en voor die voet doodgeskiet word. En toe kom Thomas, die deurwinterde anargis, die sluipmoordenaar wat op 'n sending was om Robert te vermoor. Terwyl hy in die gapende loop van die man se Luger gekyk het, het Thomas hom vertel dat hy ontgogel is. Dat hy genoeg gehad het van geweld en ideologie, en daarom sy lewe spaar.

Nadat die man weg is, het Robert begin dink, en verander.

Toe die Wêreldoorlog kort daarna uitbreek, het sy gewete hom gedwing om teen die Nazi's te gaan veg. Daaroor het hy ook baie gedink: Eers veg hy vir fasciste, toe teen hulle, en alles as gevolg van wat hy as sy plig gesien het. Dit het hom laat verstaan dat niks eenvoudig is, dat geen mens of situasie of oortuiging net swart op wit beoordeel kan word nie, hyself ingesluit. Die wêreld het vir hom meer en meer skakerings van grys aangeneem.

Jare later loop hy Thomas weer in Suid-Afrika raak. Thomas het heeltemal verander, het 'n vredige man geword. En as so 'n genadelose dissipel van geweld kon verander, dan kon, en moes, Robert ook.

Miskien is dit ook oor die ander mense. Die Sondag, toe hy en Sylvia, sy vrou, mis toe gaan, staar die hele gemeente hom aan. Vyandige oë deurboor hom. Almal weet hy is 'n polisieman. Die enigste een in die parogie. Hier, in

sy gemeente, voel hy selfs meer as gewoonlik soos 'n buitestander.

'n Buitestander was hy ook nog altyd in die oë van sy vrou se familie. Uit die staanspoor was hulle gesluit voor hom. 'n Hegte familie, agterdochtig oor buitestandders, het hulle hom stief behandel. Dit was byna iets geheimsinnigs, die sterk band tussen familielede, en iets wat hy nooit kon kleinkry nie. Sylvia se Portugees-Katolieke familie het hom nooit meer as net verdra nie.

Sy eie familie, sy ma en pa, was eenvoudige mense. Tussen hulle Afrikaner-bure, het hulle soos daardie mense geword. Nominaal Katoliek, het hulle dit nie uitgeleef nie, eerder die Calvinistiese uitkyk op die lewe geïnternaliseer. Nie net het hulle Afrikaans as huistaal gepraat nie, maar hulle het Afrikaans geword, hom na Afrikaanse skole gestuur. Hulle het min gepraat. Geglo in harde werk, eerlikheid en nooit kla nie. Hulle huis was vierkantig, netjies en prakties, stil binne, byna sonder versiering. Robert kon sy oë skaars glo toe hy skielik blootgestel word aan Sylvia se familie. Hulle was vir hom raserig en spandabelrig, oordrewe en selfbewus (het dit hom gevoel) gekultiveerd, oordadig Portugees en Katoliek. Hy het hulle glad nie verstaan nie. Ook nie waarom hulle neergesien het op hom nie, waarom hulle hom uit die staanspoor as 'n byna verfoeilike indringer beskou het.

“Ons is 'n ou familie,” het sy probeer verduidelik. “Ons oorleef eeue lank al omdat ons saamstaan, omdat ons net op mekaar vertrou. Boonop was ons nie altyd aan die regte kant van die gereg nie. Hoe dan anders in so ou familie? Politieke skommeling, verskuiwende norme, nuwe en veranderende wetgewing deur die eeue; alles maak dit onmoontlik vir een groep om tog immer aan die regte kant van die wet te bly. Dit kan jy tog seker verstaan?” Sy het sy hand in beide hare geneem. “En dink jou net in hulle skok toe ek staan verlief raak op iemand wat kies om 'n polisieman te word, 'n verteenwoordiger van die staatsgesag. Hoe dan anders dat my familie versigtig vir jou is, dat hulle jou nou so wantrou?”

Hoeveel daarvan hy moet glo weet Robert nie, deels omdat hy nie wil weet nie. Sy verhouding met Sylvia is moeilik genoeg – met tye wonderlik, met ander 'n diaboliese beproewing – vir hom om nog energie te mors om hom oor haar familie te verknies. Hy is lief vir haar; hy is. Die aantrekkingskrag tussen hulle is so sterk dat niks tussenbeide kan tree nie. Maar hulle baklei gereeld. Sommige van daardie episodes grens aan die epiese.

Die fokuspunt is gewoonlik haar familie, maar sy werk veroorsaak ook wrywing. Hy doen maar net sy plig soos hy dit sien, onderskryf deur wat oor is van sy beginsels. Nou, vir die eerste keer in sy lewe, ly hy aan die soort twyfel wat hom snags wakker hou. 'n Onlangse, onwelkome verskynsel. Hy besef dit broei al lank, die onaardige gevoel dat hy nie die regte ding doen nie.

Hy het minder twyfel gehad toe hy in Spanje teen die kommuniste, in die Wêreldoorlog teen die Nazi's en toe weer in Korea teen ander kommuniste gaan veg het. Maar onlangs het dit veel erger soos 'n rot aan hom begin knaag. Stukkie vir stukkie word die fondament van sy oortuigings weggevreet.

Dit het vir hom na 'n vanselfsprekende stap gevoel om van Militêre Intelligensie oor te stap na die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie, en aanvanklik was dit ook so. Maar toe, algaande, het hy begin voel hy is nie meer in stryd met die kanker van Bolsjewisme nie, veg nie meer teen iets wat sy waardes, en die van die Katolieke Kerk, vyandiggesind is nie.

Dit het te veel begin voel soos 'n stryd teen burgerlikes, mense wat vryheid en geregtigheid soek. Ongetwyfeld was daar ook ideologie by betrokke, maar hy het die onrustige gevoel begin kry dat hy aan die verkeerde kant van die geskiedenis staan. Dat, sou hy so voortgaan, hy kort voor lank skuldig sou wees aan iets waarvoor die Kerk en sy eie gewete hom sou veroordeel. Dit sou hy nie kon bekostig nie.

Nou, hier in die kerk, 'n plek waar hy altyd rustigheid kry al is hy nie meer die mees toegewyde Katoliek nie, voel dit vir hom of almal hom in die stilligheid beskuldig

en verkwalik. Asof hy self by Sharpeville was, asof hy die bevel gegee of 'n sneller getrek het.

Die gemeente het ongetwyfeld die nuus op die radio gevolg, en toe die foto's in die koerante gesien. Veral in die meer liberale Engelstalige Sondagkoerante, wat oopvoubladsy na oopvoubladsy daaraan afgestaan het.

Die oë neem hom kwalik. Dit is sy skuld. Hy is deel van die Bose, dra die uniform van dié wat onskuldiges geskiet het. Hy gehoorsaam hulle bevele; hy voer hulle opdragte uit.

Vader Paul preek oor vergifnis, oor naasteliefde, en oor die boosheid van onderdrukking. Sy teksverse is Mattheus 5 vers 6: “Salig is die wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal versadig word”, en vers 10: “Salig is die wat vervolgt word ter wille van geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele”, en vers 22: “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.” Hy haal ook Romeine 13 vers 10 aan: “Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet”. En laastens, met sy oë op Robert, Mattheus 5 vers 21: “Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg”.

Die woorde kasty Robert, maar hy wys niks. En vader Paul hou hom, spesifiek hom, in die oog terwyl hy preek, terwyl hy uitvaar teen die boosheid van staatsonderdrukking en hardvogtigheid en geweld. Daar is vuur in sy oë, die vlamme van regverdigheid, van vierkant oortuig staan teen ongeregtheid.

Vir oomblikke voel dit vir Robert asof selfs die beeld van die Heilige Maria, haar gesig gewoonlik so vredig, hom verwyt. Die lydende Christusbeeld, voor in die koelte van die klipkerk, slaan hom eweneens teleurgestel gade.

Robert bly sit tot die einde, totdat almal mekaar vrede

toewens terwyl hulle hom ignoreer, totdat vader Paul hulle wegstuur met 'n *vade in pace*.

“Ek was altyd 'n buitestander en 'n vreemdeling by die werk,” sê hy vir Sylvia terwyl hulle uitloop. “Nou is ek hier ook.”

“Jy oordryf.”

“Geensins. En jou familie maak dit erger. Hulle verag my omdat ek nie van julle klas is nie, omdat ek Afrikaans is.”

“Mens sal sweer my familie het invloed,” probeer sy grap.

Hy byt nie. “Hulle het. En veral hier. Die gemeente respekteer julle, van die priester tot die oudste oumatjie onder haar swart tjalie; almal buig die knie voor die Monteiros.”

“Skei uit. Ons moet opskud. Die familie wag vir ons. Jy weet my pa haat dit as ons laat kom vir middagete.”

Hy wil nog redekawel, maar besin. Hoeveel keer het hy al probeer verstaan? Hoeveel keer het hy al probeer om die familie se goedkeuring te kry? Altyd tevergeefs.

Aan tafel by sy skoonfamilie laat hulle hom ook behoorlik les opsê. Een na die ander. Oubaas Castro, sy skoonpa, en Fausto en Marco, sy swaers, praat om die beurt en oor mekaar, verhoor hom totdat sy ore toeslaan. “Verdomde Afrikaners”, hoor hy, en “onopgevoede spul boere”, en “onderdrukkers”, en “naasteliefde”, en “verstaan nie die moderne wêreld nie”, en “polities naïef”, en “agterlik”, en vele meer slaan sy ore toe.

Sylvia se ma sê soos gewoonlik niks. Haar afkeer slaan soos 'n muf reuk op uit haar swart rok.

Terwyl sy 'n bak groenbone na hom uithou, begin sy egter met 'n frons: “Robert ...”

Verder as dit kom sy nie. Oubaas Castro sit sy mes en vurk hard neer en gluur haar aan.

Sy bly stil. In die huis praat net die mans.

Eindelik gaan seek hy skuiling onder die druiwepriemel agter die huis. Hy steek 'n sigaret aan en kyk hoe die voëls in die vrugtebome kwetter en van tak na tak hop.

Konflik het hom leer rook. Voor hy Spanje toe is, het

hy nie gerook nie, maar oorlog is vrees en verveling. Rook het daarmee gehelp. Dit is 'n helder sonskyndag, maar hy wens dat dit eerder betrokke en reënerig is. Hy wil daar staan in 'n lang reënjas met die kraag opgeslaan, hoed op die kop. Soos Humphrey Bogart lyk of die lewe hom een te veel harde klappe gegee het.

“Verbeel jy jou al weer jy is Bumphrey Hogart?” vra Sylvia. Sy het stil langs hom verskyn.

“Humphrey Bogart,” kom dit outomaties. Haar woordspel het hom al laat lag, geïrriteer en laat berus, by tye. Hy vra: “Hoe lank is ons al saam?”

“Wonder jy hoekom ek weet wat jy dink?”

Hy knik, frons ver weg.

Sy pluk 'n blaar van die pricel en vryf dit tussen haar vingers. Sy is sy vrou, natuurlik moet sy weet wat hy dink. Maar deesdae is dit ál moeiliker, die stiltes tussen hulle word ál dieper. “Ons is miskien al lank getroud, maar ons leef nie lank saam nie. Jy was te veel weg.”

“Sylvia, ek ...”

“Toemaar, ek wil nie baklei nie. Nie al weer nie.”

Hoe lank moet mens iemand anders ken voor daardie persoon jou nie meer kan verras nie? Daar is nie genoeg tyd in die wêreld nie. Hier staan hulle, langs mekaar, ou getroudes. Albei dink hulle weet wat die ander dink. Albei is verkeerd.

Robert trek 'n laaste keer, trap dan sy stompie dood. “Kan ons nou huis toe gaan?”

“Dis nog vroeg.”

“Sylvia, jou familie ... Ek is gatvol. Kom, kom ons gaan huis toe.”

Sy staan op haar tone, soen hom op die wang, hou haar hand vir 'n oomblik teen sy gesig. “Ek kan nie nou loop nie. Ry jy. Farco of Mausto sal my later bring. Daar is familiesake wat bespreek moet word.”

“Marco of Fausto.” Hy korrigeer haar weer voordat hy dink. Sy tong klik. “En ek is natuurlik nie deel van die familie nie.”

Haar kop skud stadig. “Jy weet jy wil nie regtig hier

wees nie. Moenie altyd die skuld by my familie soek nie. 'n Saak het twee kante.”

“Nee, dis hulle.”

Sy lig haar hand om hom te keer. “Nee, Robert. Ons baklei nie vandag nie. Gaan huis toe. Buitendien, ek moet nog besigheid praat met my pa.”

“Jy? Met jou pa?”

“Ja, Robert.”

Die ondervinding ontstel Robert, en die verwyte kwes. Hy is nie die enigste een nie. Daar is 'n atmosfeer, 'n onrustigheid in die lug, voel dit hom. Aan diens let hy onsekerheid by van die manne op, al probeer hulle dit wegsteek. Lede van die Mag, getrou aan die naam, toon nie twyfel of swakheid nie. In plaas daarvan is daar bravade. Vir hom klink dit nou hol, asof dit 'n dun, blink oppervlak is wat 'n diep gat bedek.

Die konsensusopinie, by monde van die bekende grootpraters, is dat die oproeriges vir moeilikheid gesoek het en 'n les geleer is. “As mens nie die klas van ding uit die staanspoor vasvat nie,” vertel 'n jong luitenant in die kantien almal, of hulle wil luister of nie, “is jy sommer gou-gou in diep stront. Want dan dink hulle almal hulle kan daarmee wegkom. Kragdadigheid is al wat help met oproerigheid.”

Die ding bly aan hom torring. Eindelik kry hy af-drukke van die polisiefotograwe se foto's. Hy bestudeer hulle goed, een vir een, besluit dan hy moet vir homself gaan kyk. Met die dik pakkie in 'n kaki lêeromslag ry hy voordag Sharpeville toe.

Natuurlik is daar niks meer te sien nie, net stof. Dit is baie vroeg. Die son is nog onder die horison, die eerste gryns van die dag skaars sigbaar. Mis hang laag oor die aarde, en die reuk van houtvure is skerp in sy neus. Hy klap die Kewer se deur toe en verwyt homself omdat sy jas vergete is.

Die vroegoggend-herfslug is nypend koud. Sy neus begin loop. Sy snuif. Sy sakdoek is ook in sy jas se sak. Miskien, dink hy, is dit 'n teken dat hy nie moes gekom

het nie, dat hy nie hier moet wees nie. Iets vreemds kriel teen sy ruggraat af.

Daar is onnatuurlikheid, onheil in die lug. Hy staan vas en kyk om hom rond. Verbeelding, dink hy, maar kom dan agter hy is nie alleen nie. Om hom, in die mis en waterige lig, roer dit. Flou beelde doem op uit die newels, een-een en in groepies. Links en regs van hom; voor en agter. Onder die lae mis is die geluid gedemp, die voete in die stof, die knars op gebrande graspolle. Vasgenael staan hy, staar hy.

Die figure kyk nie na hom nie. Vir hulle is hy net nog 'n hindernis, nog 'n obstruksie waar om hulle moeisaam moet beweeg, arbeiders op pad na hul werkplekke. Sommige is toegewikkel in ou komberse, ander bewend van koue, hul uitgewaste klere te dun en deurgeleef vir die snerpende lug. Buiten die geluid van voete is dit stil, doodstil. Die krys van 'n kraai is so hard sy kan op sy skouer sit. Voete skuifel deur die stof, lywe dring deur die mis.

Naby hom, ontwykend van sy verstandheid, is hul gesigte te oud en hulle oë te leeg, spookagtig, asof die eeue deur hulle leef. In hul geboë skouers sien hy die gebrek aan hoop, die oorgee aan 'n noodlot wat net wreedheid ken. Hulle kan hulle nie toewikkel teen wreedheid nie, kan nie genadeloosheid ontwyk nie. Dit is die aard van bestaan, en onvermydelik.

Tyd staan oombliklik stil. Teenstand bring pyn, toegee bring uitputting. Hulle steur hulle nie aan hom nie, die mense van die voordag. Stokstyf in sy uniform is hy onsigbaar vir hulle, net nog 'n ongemaklikheid. Hulle kan hom nie sien, wil hom nie sien nie. Wens, nes hy, dat hy nie daar is nie.

So onverwags soos wat hulle verskyn het, verdwyn hulle weer. Hulle stof bly hang, hul asem teen die koue draal vir nog 'n oomblik. Dit voel vir hom of die mis digter en natter word, om hom vou asof om hom weg te neem van hierdie plek. Asof om hom, of die plek, van mekaar te verberg. In Italië het 'n gevange Nazi-kolonel hom vertel van *Der Ring des Nibelungen* van Wagner. Wat hom daarvan

bygebly het is die idee van *nebel*, van newels. Hier ervaar hy daardie mis, geheimsinnig en ouer as enige menslike beskawing.

Al probeer die dag hoe breek, wil die lug nie meer as melkwit word nie.

Hy weet skielik nie wat hy hier maak nie, het geen idee wat dit is wat hy gedink het hy gaan sien nie. Miskien is dit die foto's van die skoene, die klere sonder mense, verlore op die grond, wat hom hierheen gebring het.

Sy kop is skielik binne so beneweld soos die mis om hom.

*Suid-Afrika, Johannesburg, 31 Januarie 1961*

Robert Ferreira se gatvolmeter is diep in die rooi. Hy het nog net 'n paar weke by die Veiligheidspolisie oor, en nou ontbied die kolonel hom. Dit beteken net moeilikheid. Nooit minder as 'n redelike hoeveelheid nie. So kort voordat hy 'n regte polisieman gaan wees – een wat gewone, ordentlike misdadigers vasvat eerder as om in die moeras van politiek en ideologie vas te val.

En nou dit.

Hoekom nou, so op die nippertjie? So op die laaste? Hoekom nou?

Hy grom net vir die polisiemanne wat vinnig voor hom padgee of by deure induik om hom te ontwyk. Die grootste polisieman is hy miskien nie, maar hy is gemaklik oor die ses voet lank, sy skouers is breed en almal weet hy kan baie fisiek wees as hy die dag lus kry. Wanneer Robert Ferreira die dag begin vuiste klap, maak jy vinnig spore.

Die stories oor wat hy op die rugbyveld, in die bokskryt, en per geleentheid al in die kroeg gedoen het, begin, tot sy verleentheid, aan die legendariese grens. Tog is daar elke nou en dan iemand wat voel dat sy geduld beproef moet word. Daar is miskien nou hier en daar grys wat in sy hare inkruip, maar hy is steeds een waarvoor mense weet om katvoet te loop.

Dit is nie 'n goeie dag nie, een van 'n hele klomp wat hy deesdae beleef. So asof iemand die dobbelstene sleg vir hom gooi. Hy is befoeterd, en blykbaar is die hele wêreld nou ook vir hom vies. Sylvia staan voor in die ry, maar dit is 'n lang ry.

In geen spesifieke rangorde staan ook haar familie, die Monteiros; hulle priester, vader Paul; die hele gemeente in Rosettenville, en nou blyk dit kolonel Brink ook. Hy is onvergenoegd, voel hy het 'n keerpunt bereik in sy lewe.

Die skietery by Sharpeville was die dag toe hy besef het hy is nie meer die amptenaar wat hy altyd was nie. Nee, sy jonger, idealistiese self is nou morsdood. Hierdie Robert is 'n geheel ander kalant.

Natuurlik het politiek, ideologie en idealisme niks met sy verhouding met sy vrou te doen nie, maar met die nuwe insig in homself het hy bewus geword van allerhande dinge. So besef hy, met 'n skok, dat hulle meer en meer baklei. Nie net oor die ou goed, hul kinderloosheid en haar familie nie, maar nou ook omdat haar werk by Monteiro In en Uitvoer haar ál meer van die huis af wegneem. Afstande is een ding, as dit fisiek is, maar hierdie afstand, hierdie emosionele verlies, is nuut. En dit kwes hom. Hy weet nie meer watter kant toe nie.

Toe hy gaan veg het, drie keer, en soms vir jare weg was, was daar verwydering, maar nie soos nou nie. Met haar werk vir die Monteiro-familie gaan sy ook baie weg, soms weke lank. O, daar is altyd verduidelikings: Die besigheid die, en die besigheid daai, maar dit krap hom net om. Iewers is iets nie plus nie.

Hy stamp die badkamerdeur oop, sukkel ongeduldig met sy gulp. Verdomde uniform. Verdomde Sam Browne-belt. Verdomde pistoolsak, swaar soos 'n klip op sy heup. Verdomde druppels water op sy blink skoene.

En as dinge by die huis skeefloop, let mens skielik op die hele wêreld is ook nie meer reg nie. Niks voel reg nie. Hý voel nie meer reg nie. Dit is nie net die wêreld nie, iets in hom het losgewikkel en begin skuif, het versit. Sy

Roomse gewete torring aan hom. Hy is lank nie meer wat 'n mens 'n goeie Katoliek sou noem nie, maar, soos die Jesuïete sê: Eenmaal 'n Katoliek, altyd 'n Katoliek.

Selfs by sy eie huis is Robert nie veilig nie. Sy gewete jaag hom. Skadumense wat uit die mis op hom toesak. Hy voel van alle kante bedruk. Is die vyand nou ook besig om in sy eie huis aan te sterk? Dit help nie dat vader Paul ook kom huisbesoek doen nie.

Sylvia roep hom en maak haarself uit die voete.

“Dis Monteiro-besigheid,” sê sy terwyl sy die Kewer se sleutels en haar handsak gryp. “Daar’s ’n probleem met ’n besending, met die doeane in Durban.” En toe is sy vort.

“Naand, Robert.” Die priester vat ingedagte eers aan sy wit kraag, dan sy bril. “Kan ons gesels?”

“Natuurlik, Vader.”

Hulle sit skaars in die sitkamer voordat die priester los-trek. “Robert, jy kan nie vir die mense werk nie; die Afrikaner-polisie. Die staat ... Wat nou gebeur ... dit kan nie. Die Wêreldraad van Kerke gaan betrokke raak, en kort voor lank die Vatikaan ook. Ons verwag instruksies van die biskop en die kardinaal. Hierdie situasie is onchristelik. Onskuldige mense is doodgeskiet, Robert, mense wat net hulle vryheid wil hê. Geen méns kan sulke onderdrukking duld nie, en beslis nie die Kêrk nie.” Hy leun vooroor. Sy oë glinster agter die lense van sy swartraambрил. “Ek, die gemeente, ons is bekommerd oor jou, Robert.”

“Die Monteiros het jou gestuur; dit weet ek sommer.”

“Hulle is ook bekommerd oor jou. Hulle dra jou belange op die hart. Ons is almal bekommerd oor jou, Robert.”

“Dit sal die dag wees,” vererg Robert hom, soos feitlik elke keer wanneer Sylvia se familie ter sprake kom. Hy betuel hom met moeite, haal ’n paar keer diep asem. “Vader, my lewe het niks met hulle te doen nie. My werk is nie hulle besigheid nie, en Vader, met respek, ek is al

goed gatv... keelvol vir hulle inmengery en vyandigheid. Ek word links en regs geminag. Hulle lag vir my.”

“Hulle wil net die beste vir jou hê, Robert, vir jou en Sylvia. Miskien as julle kinders gehad het was dit anders, maar, helaas ...”

“Vader, jy weet ons kan nie. Hoe kan ek daarvoor verkwalik word? Dit moet dan tog ’n hoëre hand wees wat dit so bestier het, nie waar nie?”

“Jy moet die familie se standpunt ook verstaan.”

“Nee, Vader, ek verstaan dit nie. Wat wil hulle van my hê?”

“Ons kan ’n ander keer daaroor praat. Vandag wil ek net oor jou werk praat. Asseblief, Robert, luister net. Kom ek stel dit so vir jou: Gestel julle hét kinders gehad, hoe sou jy aan hulle verduidelik dat jy vir ’n regering werk wat mense minag en onderdruk? Wat mense doodmaak? Hoe sou jy voel om daardie pa te wees? Sou jy jou kind wou grootmaak met sulke waardes?”

“Vader, volgens betroubare inligting sit daar meer agter die goed. Die kommuniste knoei. Jy weet hoe ek oor hulle voel, die wat juis die Kerk wil vernietig. Kyk wat gebeur in die res van die wêreld. In Rusland. En hier. Hulle is ateïste, tog ...”

Terwyl hy praat skud vader Paul reeds sy kop. “Die situasie hier is anders. Hulle verblind jou met goed wat nie waar is nie. Hier gaan dit oor vryheid. Hierdie Nasionale Party, hulle is verkeerd. Hulle sien dit natuurlik nie so nie. Nee, hulle dink hulle is vroom Christene. Maar soms skuil die duiwel agter die Bybel. So staan dit ook geskryf: Die duiwel kan die Bybel aanhaal ...

“Dis nie in die Bybel nie.”

“Wat?” Vader Paul bekyk hom ongelowig.

“Dit kom uit Shakespeare, uit *The Merchant of Venice*.”

Vader Paul kners op sy tande, bedwing homself van ’n amper uitbarsting. “Robert ... Hoe dit ook al sy; hulle dink hulle doen wat reg is vir hulle eie mense, maar tree onmenslik op. Hoor my, mens kan dit nie aan jou medemens doen as jy jousef ’n Christen wil noem nie.”

“Daar sê jy dit nou, Vader. Hulle is juis Christene. Vader, het jy al met hulle gesels oor hul oortuigings? Weet jy hoeveel daar gebid word in die polisie? Elke parade, elke byeenkoms, elke rugbywedstryd ...”

Die priester val hom in die rede, vat-vat aan sy bril. “Robert, asseblief. Dit verskoon hulle nie. Dink oor my woorde. Bid. Vra leiding. Jy sal besef ek is reg. Ek weet jy is ’n goeie man. ’n Redelike man. Ek weet jy sal die regte besluit neem wanneer jy na jou hart luister.”

Robert skuif terug op sy stoel, steek ’n sigaret aan. Hoe praat mens met iemand wat so heilig oortuig is van sy saak? Hoe oortuig jy so iemand dat jou standpunt ook geldig is? “Ek was daar, Vader, by Sharpeville. Ek moes dit beleef, die plek. Dit het my aardig laat voel. Wanneer laas was jy op die strate van Sharpeville, Vader? Weet Vader hoe dit daar gaan? Miskien is julle almal reg en ek verkeerd. Miskien is daar boosheid wat homself nie kan herken nie. Is dit nie selfs so in die Kerk se geskiedenis nie? Wat van die Dominikane? Die Inkwisisie? Die kruisvaarders? Pous Pius die Twaalfde en die Nazi’s?”

“Hoe kan jy so praat van die Kerk, van die pous?”

Robert het skielik genoeg gehad. “Vader, jy moet my nou verskoon, asseblief.” Hy kom skielik orent. Hy wil wegkom, weg van ander mense en hulle idees, hulle oortuigings. Hoekom moet alles so moeilik wees? Wat is die doel van hierdie beproewing?

Dit is laat voor hy bed toe gaan. Ure gelede het Sylvia teruggekeer. Sy het kom groet, gevra of hy honger is. Hy was nie. Sy het gevra wanneer hy bed toe kom. Hy het nie geweet nie. Sy het gesê dan gaan slaap sy maar, en hy moet nie te lank daar in die donker sit nie.

Sonder om die lig aan te skakel trek hy in die slaapkamer uit en glip langs haar warm lyf onder die lakens in. Sy rol om, sit haar hand op sy bors, voor sy dit stadig teen sy lyf aftrek en hom soek. “Moet vir geen oomblik dink ek is nie lief vir jou nie,” fluister sy, haar lippe teen sy mond.

Sy soen hom, honger, en sy lyf gloei onder haar hand.

Sy gooi haar swaar hare oor haar skouer, klim bo-op hom en neem hom in haar. Voor hom, bo hom, in die donker, glinster haar oë. Sy wieg, haar bekken hard teen syne, haar hitte en syne vlammend deur ruggraat, deur bene en spiere tot onder die skedel in.

Tyd vergaan, die wêreld kwyn in die donker tot net hulle daar is, soos hulle altyd was, van die begin af. Honger vir mekaar, onversadigbaar.

Nou, in die laaste dae voor hy sy nuwe plig aanvaar, ontbied die kolonel hom, om wie weet watter duistere rede. Dit kan net iets wees wat sy lewe nog meer gaan versuur, dink Robert voor die kantoordeur. Hy trek sy uniformbaadjie reg onder sy Sam Browne-belt, maak sy skouers reguit en klop.

“Binne!”

“Kolonel,” sê hy op aandag voor die staatslessenaar.

“Sit, Robert, sit. Alles wel?” Die kolonel stop sy pyp.

“Kan nie kla nie, Kolonel.”

“ Mooi, man.” Hy luister nie, sy aandag op sy pyp. Eers toe dik wolke dak toe lig, maak hy fronsend oogkontak. “Is jy reg vir Moord en Roof?”

“Ja, kolonel.”

“ Mooi, man. Jy sal jou plek daar kry, Robert. Jy is regte polisie, ’n man wat jou gewete volg. Ek het simpatie daarmee. Ek wil ook net weer sê: Dit was knap werk wat jy gedoen het in die Smith-saak. Daai man het jou amper bokveld toe gestuur. Dit was darem ’n vieslike mes wat hy gehad het. Kapmes, nè? En jy hou juis nie van lemme nie.”

“Dankie, Kolonel.” Robert skuif ongemaklik op sy stoel. Hy wil die insident eerder vergeet. Hy was maande lank op die man se spoor, die Damon Smith, ’n gewelddadige wapensmokkelaar. Toe hy hom eindelijk vastrek in die huisie in Turffontein, kom die kapmes te voorskyn. Robert het so twee, drie keer gesluk, maar toe Smith hom storm, het hy vinnig gesystap en die man se mesarm so hard as wat hy kan met sy knuppel geslaan. Smith was

nog vol baklei, maar Robert was toe goed die harnas in en het heeltemal van sy vrees vir messe vergeet. Hy het Smith vier, vyf keer hard geslaan, sy knieë onder hom uitgeskop en hom oorrumpel. Toe Doppies en die ander manne die kamer instorm, het hy Smith reeds in boeie gehad. Die mes het hy ver weg, in die hoek in, geskop.

“Wat is dit nou weer met jou en messe?” wil die kolonel weet. Daar is ’n vonkeling in sy oog. “Dit was iets in die noorde, nie waar nie?”

Kolonel Brink ken Robert al vandat hy by die polisie aangesluit het. Hy het die oorgang van militêre lewe na die polisie aansienlik vergemaklik vir die jonger man, en hom baie geleer. Hulle ken mekaar so goed dat die kolonel soms sy siel uittrek. Soos nou. Hy weet goed dit laat Robert krul van ongemak, want hy is nie ’n man wat sommer toegee dat hy swakplekke het nie.

“In Italië, ja. Kolonel ken mos die storie.”

“Ja, tog. Daar was die een of ander mooi meisie ook betrokke, as ek reg onthou?”

“Francesca.” Robert sug. Die kolonel gaan dit nie los nie. “Ons was in ’45 op die spoor van ’n oorlogsmisdadiger, ’n fascis. Sy het ons kom vertel waar hy wegkruip. Maar toe ons hom gaan arresteer, het hy haar gegryp. Hy het haar stukkend gesny, voor my oë. Soveel bloed ... Dit was ... Dit was iets wat ek nooit kan vergeet nie, Kolonel.”

Brink glimlag nie meer nie. “Ek verstaan. Ja, dit verstaan ek goed. In ons soort werk sien mens soms goed wat jy nie weer uit jou kop kan kry nie. Maar jy het hom mos gekry, die wetter?”

“Ek het hom geskiet, Kolonel.”

“Nou’s ek jammer ek het dit weer opgehaal, Robert.” Brink se ronde wange bol nog meer. Hy frons. “Nou goed. Jy wonder seker hoekom ek jou laat kom het. Ons het ’n groot probleem, en jy is die man wat dit vir ons gaan oplos.”

“Maar ek het nog net ’n paar dae ...”

“Nee, spaar jou asem. Luister, ek is nog steeds jou bevelvoerder.” Hy glimlag skielik. “Ai, Robert, dit voel vir my

of ek 'n seun verloor met dié dat jy wil loop. Maar hoe ook al, hierdie ding moet gedoen word. Jy moet vir ons op Cabinda toe om kastaiings uit die vuur te gaan krap. Dit kan nie anders nie.”

“Cabinda?”

“Net so. Noord, anderkant Angola. A, hier is hy nou.”

Agter Robert gaan die deur byna geruisloos oop.

“Dag, Robert.”

Robert kom orent, skud blad. “Dag, e ...”

“Walter. Ek weet jy onthou. Dis nie so maklik om van my te vergeet nie.”

“Nee dis net ... onverwags,” sê Robert. Die ander man se ligblou oë soek oor sy gesig, altyd op waak. Robert het hom laas gesien toe hy rapporteer ná sy sending in die Colesberg-distrik. Daarna het Walter hom beveel om te vergeet van die mislukte aanslag op die premier se lewe, maar nie voor hy hom gevra het om by sy eenheid aan te sluit nie. Robert het respekvol nee gesê.

Die geheimsinnigheid van Walter se wêreld maak hom ongemaaklik. Maar dit is ook verleidelik, die werk in die donker waar ander nie kan sien nie, waarvan ander nie hoef te weet nie. Om te weet wat ander nie weet nie. Die opwinding van die jag in die donker, prikkel hom op 'n vreemde manier.

Miskien is dit omdat die reëls van daardie spel anders is, meer plooibaar. Omdat mens meer op jouself aangewese is as op jou eenheid, dat jy nie verslag hoef te doen oor alles wat jy doen nie. Dat die bevelstruktuur lossier is. Hy is nie seker of dit die mag is wat hom daarvan aantrek nie, en bekyk Walter weer.

Die man maak hom ongemaaklik. Hy is nie kort of lank nie; hy is nie vet of maer nie. Mens sal maklik op straat by hom verbyloop sonder om hom enigszins op te merk. Maar laat hy net vir jou kyk, dan vergeet jy hom nie maklik weer nie. Daar is 'n kilheid in sy blik, 'n emosielose beredenering wat by die betragte geen twyfel laat dat hy te doen het met 'n man wat sonder gewete lewe nie. Elke keer wanneer Robert hom sien, kom die Raka-frase on-

gevraagd in sy gemoed, dink hy aan iets wat donker en dom en sterk is. Behalwe dat Walter nie dom is nie; net die teenoorgestelde.

“Sit,” wys Walter. Hy is op sy gemak in die kolonel se kantoor, duidelik gewoon dat mense na sy pype dans. Hy behandel die kolonel asof hy hom net-net in sy eie kantoor verdra. Die kolonel frons terwyl Walter, sonder om te vra, ’n stoel nadersleep en homself skuins voor Robert plant. Oor sy skouer en sonder om om te kyk, sê-vra Walter: “Kolonel, verskoon ons, asseblief? Dankie. Ek waardeer dit.”

Kolonel Brink antwoord nie, maar die geluid van die deur wat hard agter hom toeklap impliseer allerhande liederlike woorde.

Walter glimlag, geamuseer oor iets wat hy nie met Robert deel nie. “Dis goed om jou weer te sien, Robert. Hoe gaan dit met jou? Brink sê vir my jy gaan die Veiligheidspolisie verlaat, dat jy Moord en Roof toe gaan?”

“Dis so.”

“Jy het nie dalk heroorweeg om vir ons te kom werk nie? Jy aard by ons, dis in jou natuur. Nie? ’n Regte jammer.”

“In my natuur, Walter? Hoe sal jy dan weet? Ek het mos al die vraag geantwoord.” Robert probeer sy stem gelyk hou, versigtig dat sy weersin nie moet wys nie.

Walter se oë soek tevergeefs vir iets in Robert se gesig, dan sug hy, klap met sy palms op sy bobene. “Nou ja. Ons het weer jou hulp nodig. Wag, wag, voor jy enigiets sê, gee net kans. Laat my praat. Jy het knap werk vir ons in die Karoo gedoen en nou, soos dit geskrywe staan, is die kalf in die put. En jy is die enigste man wat dit kan red. Dis ’n baie belangrike sending. Robert, ek is ’n man wat glo in quid pro quo. Ken jy die uitdrukking?”

Onderskat, gee Robert hom ’n kyk. Sy mond gaan oop om iets sarkasties te sê.

Walter lig sy hande en paai: “Goed, goed. Jammer. Almal is nie so belese soos ek en jy nie, Robert. Al wat ek bedoel is ek glo niks is verniet nie. As jy ons help, majoor

Robert Ferreira, beteken dit ek is in die skuld by jou. Verstaan jy? Dit beteken as jy ooit hulp nodig het, met enigiets,” hy leun vooroor, kyk hom vierkant in die oë, “enigiets, dan kan jy op my nommer druk. Ek sal daar wees en ek sal help. Ek is ’n man van my woord, glo my. Moenie onderskat hoe waardevol ’n eerbare man en bondgenoot soos ek kan wees nie.” Hy gryn skielik, vryf sy hande oor sy bobene, op en af. “Ek gaan ou Blink Brink nou weer laat inkom sodat hy die sending kan uitlê. Ons praat daarna weer. Luister wat die man vir jou sê, goed so?”

Hoe kan Walter die kolonel met so min respek behandel? En hoekom laat Brink dit toe? Die man laat Robert se kopvel kriewel.

Die kolonel is nie op sy vriendelikste toe hy weer agter sy lessenaar sit nie. Hy kyk na die toe deur, dan sy hande, dan na die kalender teen die muur, asof hy eers sy gemoed onder beheer wil kry voordat hy praat. Hy sug, begin sy pyp stop. “Die saak staan so: Ons het ’n probleem met seerowers ...”

“Seerowers, Kolonel?”

“Jy kan grinnik, Robert, maar dis ’n ernstige saak.” Rook bol dak toe. “Kyk, dis ’n internasionale krisis. Op die oomblik word dit nog stilgehou, maar die nuus is binnekort in die koerante. ’n Spul guerrillas het ’n Portugese passasierskip gekoop, die *Santa Maria*, êrens in die Atlantiese Oseaan, en toe verdwyn hulle van die aardbol af. Eers lui daar nie alarmklokkies nie. Die skip het net stil geword en hulle het aangeneem dis seker ’n probleem met die radio. Ná ’n paar dae laat weet die kapers dat hulle die skip gekommandeer het. President Salazar stuur natuurlik dadelik die Portugese vloot om die skip te soek, maar ná soveel dae en wie weet hoeveel koersveranderinge, het niemand ’n idee waar om te soek nie. Al wat hulle vir seker weet, is dat dit nie meer op die oorspronklike roete Karibiese Eilande toe seil nie. Die skip het soos ’n groot speld verdwyn.” Hy halt onverwags, trek aan sy pyp en loer onder sy wenkbroue na Robert. “Jy weet nie dalk iets van skepe af nie?”

“Niks nie, Kolonel. Jammer.”

“Dit maak twee van ons. Ek wonder altyd wat die verskil is tussen ’n boot en ’n skip. Nietemin. Die *Santa Maria* is weg. Die Portugese vra die res van die wêreld om te help soek. Die kapers sê hulle wil die land bevry van president Salazar se diktatorskap. Dit maak hom die hoenders in. Hy wil hulle nekke omdraai. Maar hy weet nie waar hulle is nie en vra internasionale hulp. Almal begin soek; ons ook. Die volgende ding is ons kry ’n berig van een van ons eie manne in Luanda.” Hy frons vir sy dooie pyp en klik sy tong.

Terwyl hy hom weer aan die brand kry, is daar tyd vir Robert om te vra: “Wat maak ons in Luanda, Kolonel?”

“Ons hou maar net ’n ogie oor dinge.” Skud-skud is die vuurhoutjie dood. “So laat weet ons man daar hy het ’n vreemde storie gehoor van vissermanne wat ’n groot skip naby Cabinda gewaar het. Hy was nie in die hawe nie, maar lê by anker so ’n ent op langs die kus, by Baia de Cabinda. Ons man het sy plaaslike kontak opgesoek, ’n luitenant in die PIDE. Weet jy van hulle?”

“Ja, Kolonel. Dis die Portugese veiligheidspolisie. In die laaste oorlog was daar nie veel te kies tussen hulle en die Gestapo nie.”

“Net so. Maar nou verbeel hulle hulle is Scotland Yard. En hulle wil graag hê ons moet almal so dink. Maar óns weet hoe knoei hulle hier in die kolonies. Hulle bly maar aardige kalante in die skaduwees en wanneer mense nie kyk nie. Nou ja, ons man dra toe die nuus oor, soos goeie kollegas maak. Skielik is Luanda in oproer, en toe Lissabon ook. En kort daarna is die Walter-vent op my spoor. Die generaal het my laat verstaan ek moet hom help sonder om vrae te vra. Die blerrie man en sy mense is besig met duister dinge, as jy my vra. Ewenwel, die Walter sê hulle het uitgevind daar is ’n koerier van ons Departement van Buitelandse Sake op die *Santa Maria*, op ’n vertrolike sending. Die man het geheime dokumente in sy besit, dokumente wat landsveiligheid in gevaar kan stel, ’n internasionale skandaal kan afgee, miskien selfs die plaë

van Egipte tot gevolg hê, wie weet, as dit in die verkeerde hande beland. So vertel hulle my.”

Die kolonel se glimlag is soos die snykant van ’n lem. Hy sit sy pyp neer, vou sy hande voor hom op die lessenaar. “Iemand moet hom gaan haal, en daai iemand is jy, Robert. Walter sê jy is die enigste man wat dit kan doen. En ek glo hom, want ek weet wat jy alles kan doen. Wat julle twee met mekaar uit te waai het, weet ek nie, en ek wil ook nie weet nie. Maar wat ek wel weet, is dat jy moet noord, Cabinda toe, en op daai skip kom.”

“Maar hoe ...”

“Wag eers. Walter sal verduidelik. Ek wou net eers met jou praat sodat jy kan verstaan dis ’n amptelike sending, officieel gesanksioneer van bo af. Ek loop nou. Sterkte. Ek weet jy sal ons nie in die steek laat nie.” Hy kom orent en stap om die lessenaar, skud Robert se hand en klop hom op die skouer.

Vir ’n paar minute is hy alleen in die kantoor. Die kolonel en Walter praat buite in die gang. Hy kan nie hoor wat hulle sê nie. Die stemme verdwyn, maar Walter kom nie in nie. Robert wag so lank dat hy ’n sigaret aansteek. Toe hy die stompie dooddruk, kom Walter in. Hy is nie so geruisloos soos vroeër nie. ’n Skinkbord met koppies en pierings rinkel in sy hande.

“Ek het koffie gebring. Kry vir jou.” Hy vat self een van die dikrand-porseleinkoppies, roer twee lepels suiker in en sak neer op dieselfde stoel wat hy vroeër nadergetrek het. “So ja, alles lyk beter as mens ’n koppie koffie het.” Hy glimlag ingenome met homself. “Jy weet nou wat die sending is. Nou vertel ek jou meer, ook dit wat Blink Brink nie weet nie. Ons koerier, Anton Barnard, is op die skip om iemand in die geheim te ontmoet, twee mans. Vir doeleindes van die ontmoeting het hy ’n pakkie en ’n koevert by hom. Ons moet dit ten alle koste terugkry.”

“Wat is dit? Wat is in die pakkie en die koevert?”

“Vertroulike inligting, daardie. Jou sekerheidsklaring is nie voldoende nie, nie vir dié inligting nie. Al wat jy moet weet, is hoe belangrik dit is dat niemand anders

dit in die hande kry nie.” Hy neem ’n laaste sluk koffie, vee sy mond met die agterkant van sy hand af. “Sou dit uitkom wat dit is, kan dit vernietigende gevolge vir ons hê. En nie net ons nie, ook vir die Weste. Mens wil nie oordryf nie, maar dit kan selfs die magsbalans in die wêreld versteur. Verstaan jy? Jy gaan Cabinda toe en jy gaan daardie pakkie en koevert vir ons terugbring. Jy gaan met die gal werk van enigeen wat jou probeer teenstaan. En dis die begin en die einde daarvan.”

“Hoe op aarde dink jy gaan ek dit doen? Hoe ...”

Walter waai hom stil. “Die Portugese leër gaan die skip ontset, en jy gaan saam met hulle. Jy,” hy druk ’n stomp vinger in Robert se rigting, “gaan ons goed kry en seker maak niemand weet wie ons man is nie. Dis in landsbelang en jou agtergrond is perfek. Jy praat die taal. Jy lyk soos hulle. Dis jou mense. Jy weet hoe hulle koppe werk. Net nog een ding: Dis jou direkte opdrag dat die pakkie en die koevert belangriker is as Anton Barnard. Verstaan jy?”

Hy huiwer, want hy weet wat dit beteken.

“Verstaan jy?”

“Ek verstaan.” Robert voel weer die gelyktydige aantrek en wegdruk van die skaduwêreld. Die wetteloosheid wink vir hom, maar hy is ’n man wat ’n uniform dra. Is daar tog iets binne hom wat wil losbreek?

“Sien jy kans?”

“Mag ek daarvoor dink?”

“Nee. Daar’s nie tyd nie. Sê net ja. Ek wil net nog ’n ding vir jou sê, iets wat jou sal help om die regte besluit te maak ... Jy gaan nie as polisieman nie. Vir doeleindes van die sending word jy gesekondeer na Buitelandse Sake, en word jy ordentlik betaal. Jou vrou behoort nie te ongelukkig te wees met jou as sy weet wat ons jou gaan betaal nie. Help dit?”

Tot sy verbasing besef Robert dat dit inderdaad help, veral omdat sy toekomst vir hom deesdae so wankelrig begin voel. “Nou goed. Ek sal met my vrou praat.”

“Sylvia, nê?”

“Hoe weet jy wat my vrou se naam is?”

“Ek weet alles, Robert. Moenie jou bekommer oor wat ek alles weet nie. Onthou net, jy kan haar nie vertel waaroor dit gaan nie. Ek is seker sy is honderd persent betroubaar, maar ons praat van landsbelang. Goed, gaan sommer nou.” Hy staan op en skud Robert se hand, sy ander hand bo-oor gevou, vertrouend. “Ek weet jy sal ons nie in die steek laat nie.”

Robert weet ook klaar hy gaan ja sê. Die opwinding in sy borskas, die uitsien na avontuur en aksie, wen hom klaar verby die punt waar hy dit kan weier. Nog een keer, miskien; nog net een keer.

Later die middag stel hy sy saak aan Sylvia. “Dis al wat ek jou kan vertel. Dis ’n geheime sending.”

“Soos gewoonlik.” Sy skud haar kop, haar mond skeef geglimlag. “Dit verbaas my nie meer nie.”

“Jy’s nie vies nie?”

Skouerophalend. “Hoe lank gaan jy weg wees?”

“Net ’n paar dae. En dié keer betaal hulle ekstra. Dit klink my ’n goeie som. Dit sal welkom wees, nie waar nie?”

Nog ’n skouerophaling. Sy kou haar onderlip, lyk of sy ’n besluit maak. “Dit kan nie skade doen nie. Belowe my jy sal versigtig wees.” Sy staan nader, sit haar hande op sy skouers. “Mens sou dink ek raak gewoonnd daaraan, dat jy weggaan en dalk nie weer terugkom nie. Maar elke keer is dit net so moeilik soos die vorige kere. Wanneer vertrek jy?”

“Môre. Die tyd is teen ons.”

“Kom dan slaapkamer toe, sodat ek behoorlik van jou kan afskeid neem. Al weer.”